

Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English/Afrikaans

Oktober 2021 Uitgawe 1



**COVID-19 vaccines:
Your questions
answered**

Page 5



**MukapuZA, a
new food range
for diabetics**

Page 11

COVID-19 cases declining but don't wait to vaccinate

PRESIDENT CYRIL RAMAPHOSA has moved South Africa to Adjusted Alert Level 2 and encouraged citizens to get vaccinated.



Restrictions on movements of people and gatherings have been eased in South Africa following a steady decline in new COVID-19 infections.

This was announced by President Cyril Ramaphosa during an address to the nation recently. The President announced the move from Adjusted Alert Level 3 to Adjusted Alert Level 2 of the lockdown.

The President said the decrease in the number of new infections across the country spurred the decision to move the country to a lower level of restrictions.

"While the third wave is

not yet over, we have seen a sustained decline in infections across the country over the last few weeks."

President Ramaphosa said that after thorough consultations, Cabinet decided on the following measures for Adjusted Alert Level 2:

- The hours of curfew now start at 11pm and end at 4am.
- Non-essential establishments like restaurants, bars and fitness centres must close by 10pm to allow their employees and patrons to travel home before the start of the curfew.
- All gatherings have been

Cont. page 2



To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:



Search for SA Government on Google playstore or appstore

CONTACT US

Website: www.gcis.gov.za
www.vukuzenzele.gov.za

Tshedimosetso House:
1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 00083

Vuk'uzenzele

@VukuzenzeleNews

Email: vukuzenzele@gcis.gov.za
Tel: (+27) 12 473 0353

FREE COPY NOT FOR SALE



BRICS 'n sleutelfaktor in SA se groei

Naar voordat die eerste demokratiese verkiesing plaasgevind het, het president Nelson Mandela 'n artikel in die Foreign Policy-tydskrif geskryf oor die nuwe Suid-Afrika se toekomstige buitelandse beleid.

In sy nadenke oor die wêreldwye bondgenootskappe wat gevorm is weens die beëindiging van die Koue Oorlog, het hy geskryf dat lande "weer hulle nette sal moet uitgooi" as hulle enigsins wou baatvind by internasionale sake.

Sedert die tektoniese ver-skuiwing van 1994 toe ons besluit het om nie net apartheid af te skaf nie, maar ook weg te breek van die internationale opvatting van apartheid se argitekte, word Suid-Afrika se buitelandse beleid gekenmerk deur dié "heruitgooi van die nette".

Ons buitelandse beleidsprioriteit is streeksintegrasie op politieke en ekonomiese gebied, die ontwikkeling van Afrika, multilaterale betrokkenheid en die bevordering van demokrasie, vrede en menseregte.

Ons het met dié doel ons strategiese alliansies met sowel die lande van die globale suide as wedersyds voordelige samewerking met die lande van die noorde opgebou.

Ons inskakeling by die BRICS-lande in 2010 was 'n mylpaal in ons strewe om ons eie nasionale ontwikkelingsprioriteit te bevorder deur sterker bande te smee met die belangrike ontluikende ekonomieë van Brasilië, Rusland, Indië en China.

In konteks gesien, kom 41% van die wêreldbevolking in die BRICS-lande voor en sorg



dié lande vir 24% van die globale BBP en vir ongeveer 16% van wêreldwye handel. In ons lidmaatskap van dié blok het ons die meeste gebaat op die gebied van ekonomiese samewerking.

Bilaterale handel het gegroei, veral met China en Indië, met kommoditeits-uitvoere en die invoer van vervaardigde goedere hoog op die lys. Die BRICS-lande is steeds belangrike bronne van buitelandse direkte beleggings op sleutelgebiede soos mynbou, die motorbedryf, vervoer, skoon energie, finansiële dienste en IT.

'n Hersiening van ons BRICS-lidmaatskap in 2018 deur die professionele diens-temaatskappy, Deloitte, het uitgewys dat BRICS-vennote "drie keer meer kapitaal in die land belê het as in die sewe jaar voor 2011". Dié beleggings en projekte het op hulle beurt tot beduidende werkskapping geleid.

Sedert die ontstaan van die Nuwe Ontwikkelingsbank, wie se streekkantoor in Johannesburg geleë is, is Suid-Afrika 'n begunstigde van financiering en tegniese ondersteuning vir projekte in vervoer, skoon energie, omgewingsbeskerming,

waterinfrastruktuur en die vermindering van kweekhuisgasse.

Sedert die uitbreek van die Kovid-19-pandemie, het Suid-Afrika \$2 miljard in befondsing van die Nuwe Ontwikkelingsbank onder die Kovid-19-noodfinansieringsprogram ontvang om die pandemie te bestry en om ekonomiese herstel te steun.

Daar was ook beduidende samewerking met ons BRICS-vennote om persoonlike beskermende toerusting te bekom, asook ten opsigte van die toegang tot en verspreiding van entstof.

Ons het onlangs deelgeneem aan die 13de BRICS-spitsberaad waar BRICS-lande ooreengekom het om nog nouer saam te werk om Kovid-19 te bestry en om die politieke en finansiële hulpbronne te mobiliseer wat nodig is vir toekomstige pandemie-gereedheid.

Dit behels die vestiging van 'n virtuele BRICS-entstofnavorsing- en ontwikkelingsentrum asook 'n geïntegreerde vroeë waarskuwingstelsel om toekomstige uitbrekings van aansteeklike siektes in BRICS-lande te voorspel.

Nog 'n belangrike gebied

van ooreenkoms was die wedersydse erkenning van nasionale dokumente oor inenting en stelsels vir Kovid-19-toetse — wat noodsaaklik sal wees vir oorgrensreise in die toekoms. Die begrip van wedersyds voordelige same-

werking sal veral belangrik wees in die globale ekonomiese herstelplanne waar ongelyke ontwikkeling beteken dat sommige lande vinnig sal herstel en ander agter sal raak.

Ter ondersteuning van ekonomiese herstel, het die BRICS-vennote ooreengekom om hulle samewerking te verstewig in katalitiese sektore soos energie, IT, wetenskap, tegnologie en innovering, landbou en die groen ekonomie. Dit is almal belangrike sektore wat geïdentifiseer is in ons ekonomiese heropbou- en herstelplan wat verlede jaar aangekondig is.

Samewerking met ander BRICS-lande, veral op die terrein van innovasienavoring, sal help om ons land se industrialisasie te versnel en om ons doelwitte vir die Vierde Nywerheidsomwenteling te bereik. In dié verband is samesprekings oor die vorming van formele BRICS-platforms gehou om

beste praktyk, kennis en kundigheid te deel, insluitend die gebruik van oopbronstegnologieplatforms.

Die BRICS-vennote het saamgestem dat ontwikkelende lande hulp nodig het om die VN se volhoubare ontwikkelingsdoelwitte te bereik, en dat skenkerlande hulle verantwoordelikhede in dié verband moet nakom. Dit is veral belangrik in die konteks van klimaatsaksie. Soos die meeste lande, wil Suid-Afrika 'n lae-koolstofontwikkelingspad volg, wat inklusief en volhoubaar is en wat ons status as 'n ontwikkelende land in ag neem. Die BRICS se samewerkingsplatform vir energienavorsing sal baie nuttig wees soos ons poog om ons energiehulpbronne te diversifieer.

In die elf jaar sedert ons by BRICS aangesluit het, het ons lidmaatskap ons nasionale belang aansienlik bevorder. Deur 'n lid van BRICS te wees het ons posisie as 'n belangrike opkomende ekonomie bevorder. Dit het ons toegang gegee tot beleids- en tegniese kundigheid van groter en meer gevestigde ekonomieë, asook toegang tot die ondersteuning van die Nasionale Ontwikkelingsbank. Dit het ons aktivisme op die wêreldverhoog versterk, veral wat betrek die hervorming van multilaterale instellings.

Ons het ook voordeel getrek deur deel te wees van 'n kollektiewe stem wat daarna streef om 'n wêreldorde te bevorder wat gebaseer is op wedersydse respek en die gelyke soewereiniteit van nasies.

BRICS is, en sal nog vir 'n geruime tyd in die afsienbare toekoms, van onskatbare strategiese belang vir ons land wees.

KOVID-19-entstowwe: Ons beantwoord jou vrae

Allison Cooper

Met Suid-Afrika se Koronavirusiekte-inentingsprogram in volle swang, het Vuk'uzenzele navraag gedoen by die Departement van Nasionale Gesondheid om van die algemene vrae van die publiek oor inenting te beantwoord.

V: Kan die entstof Kovid-19 veroorsaak of my laat positief toets?

A: Nee. Nie een van die entstowwe wat in Suid-Afrika gebruik word, bevat die lewendige virus wat Kovid-19 veroorsaak nie. Dit kan dus nie die virus veroorsaak nie en jy sal nie positief toets nadat jy die entstof ontvang het nie.

V: Is dit waar dat daar 'n mikroskyfie in die entstof is wat mense se bewegings kan monitor?

A: Nee. Daar is geen mikroskyfie of opsporingstoestel in die entstof nie. Entstofvervaardigers moet die bestanddele van die entstof aan die Suid-Afrikaanse Reguleringsowerheid vir Gesondheidsprodukte (SAHPRA) verklaar voordat die entstof vir gebruik goedkeur word.

V: Ek het gehoor dat die entstof die merk van die Dier het — 666. Is dit waar?

A: Nee. Entstowwe het geen verbintenis met enige godsdienslike organisasie nie en kan nie saam met geeste, demone of ander abstrakte bestanddele toegedien word nie.

V: Moet ek ingeënt word as ek swanger is?

A: 'n Swanger vrou is meer geneig om siek te raak van Kovid-19. Deur haar te laat inent, kan dit voorkom dat



'n swanger vrou ernstig siek word.

V: Moet ek ophou om te borsvoed sodat ek ingeënt kan word?

A: Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) en die Departement van Gesondheid beveel nie aan dat jy ophou borsvoed om teen Kovid-19 ingeënt te word nie.

Entstowwe word aanbeveel vir gebruik deur borsvoedende moeders.

V: Kan ek 'n entstof kry kort nadat ek Kovid-19 gehad het?

A: Nee. Enigiemand wat Kovid-19 gehad het moet ten minste 30 dae wag nadat hulle simptome verby is.

V: Ek het Kovid-19-simptome. Is dit veilig om ingeënt te word?

A: Nee. Jy moenie die entstof kry as Kovid-19-simptome

toon nie. Laat jou eerder toets. 19 opdoen.

V: Kan ek die tweede dosis van die Pfizer-entstof vroeër kry as die 42 dae na my eerste inenting?

A: Nee. Jy kan die tweede dosis eers 42 dae na die eerste een kry.

V: Moet ek ingeënt word as ek herstel het van Kovid-19? Kan my liggaam nie die siekte op sy eie beveg sonder die newe-effekte van die entstof nie?

A: Daar is bewyse wat toon dat die liggaam se reaksie wanneer jy siek is weens Kovid-19, baie swakker en korter is as die reaksie op die entstof. Deur die entstof te kry, gee dit jou 'n baie sterker en langdurige immuunreaksie. Die newe-effekte van die entstof is matig en hou nie langer as 'n dag of twee aan nie, terwyl jy kan hospitaal toe gaan of sterf as jy Kovid-

V: Kan mense met chroniese siektes, soos hoë bloeddruk, die entstof kry?

A: Mense met chroniese siektes loop 'n groter risiko om ernstige Kovid-19 te kry. Hulle sal dus die meeste daarby baat om die entstof te kry.

V: As ek voorheen 'n allergiese reaksie teenoor medikasie of 'n entstof getoon het, moet ek die entstof kry?

A: Enigeen met 'n geskeidenis van allergiese reaksies teenoor ander entstowwe of medikasie, behoort eers met hulle gesondheidspraktisy te praat.

V: Hoe gevaelik is 'n allergiese reaksie teen die entstof?

A: Ernstige allergiese reaksies kom selde voor.

'n Allergiese reaksie kom gewoonlik binne sekondes of minute voor nadat die entstof toegedien is. Dit is hoekom almal 15 minute in die waarnemingsarea moet wag nadat hulle die entstof gekry het.

V: Is dit veilig om die entstof te kry as ek allergies vir eiers is?

A: Ja. Nie een van die Kovid-19-entstowwe bevat enige eierproteïene nie.

V: Ek het gehoor van oumense wat kort nadat hulle die entstof ontvang het, gesterf het. Is die entstof veilig vir bejaardes?

A: Die entstof is veilig en hoogs doeltreffend in die voorkoming van ernstige Kovid-19-siekte en sterfte. Deur die gebruik van die entstof sien ons 'n groot afname in Kovid-19-sterftes by bejaardes in verskeie lande.

V: Waarom kry sommige mense nog steeds Kovid-19 binne twee weke nadat hulle die entstof gekry het?

A: Jy is eers 30 dae nadat jy die Johnson & Johnson-entstof gekry het, ten volle ingeënt, of twee weke na die tweede dosis van die Pfizer-entstof. As jy aan die virus blootgestel word voordat jy ten volle ingeënt is, kan jy die siekte kry.

V: Voorkom die entstof heeltemal dat jy Kovid-19 kry?

A: Nee. Selfs nadat jy ten volle ingeënt is, kan jy nog steeds Kovid-19 kry. Die entstof verminder egter die risiko van ernstige Kovid-19-infeksie, hospitalisasie en sterfte.

Besoek <https://sacoronavirus.co.za> vir meer inligting